# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

September 2024



Old German Owl



Chinese Owl




African Owl



Italian Owl



Oriental Frill Satinette



Oriental Frill Blondinette

*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## SUID-AFRIKAANSE SIERDUIFVERENIGING / SOUTH AFRICAN FANCY PIGEON ASSOCIATION


### Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr. Warren Klopper    Mr. Clive Druce

Mr. Stewart Patterson    Mnr. Wynand Wessels

Ds. Renier Lee    Mnr. Pierre le Roux

Ds. Hennie Hattingh

### Uitvoerende Komitee / Executive Committee

**Nasionale / National President**

Chris de Bruin, Posbus 906268, Magalieskruin. 0150 Sel: 082 426 8703 E-pos: tiaandebruin0@gmail.com

**Nasionale Vise-President / National Vice-President: (Gekoöpteer)**

Leendert Snyman, Posbus 41, Griekwastad, 8365, Sel: 083 286 8496, E-pos leendert270@gmail.com

**Nasionale Sekretaris / National Secretary:**

Gerhard van Aswegen, Posbus 2792, Krugersdorp, 1740, Sel: 082 921 1747, E-Pos: gjtlofts1@gmail.com

**National Treasurer / Nasionale Tesourier:**

Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com

**National Ring Master / Nasionale Ringmeester:**

Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,
E-pos: safpa.rings@telkomsa.net

**Nasionale Redakteur / National Editor:**

Cora Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com

**Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:**

Christo Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2449 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com

**Nasionale Jeugverteenwoordiger / National Youth Representative**

Huidiglik vakant

### Streekverteenwoordigers / Region Representatives

**Noord-van-die-Vaal:** Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,
E-pos: Shaunsmeda@intercape.co.za

**Vrystaat:** Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,
E-pos: plakkers@wol.co.za

**Wes Kaap:** Pieter Neethling, 21 St Thomas Street, Malmesbury, 7322 Sel: 081 397 9960
E-pos: thehaircorporation12@gmail.com

**Noord-Vrystaat:** Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,
E-pos: pietodendaal01@gmail.com

**Oostelik Streek:** At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,
E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com

**Noord Kaap:** Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,
E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com

**Oostelike Provinsie:** Johan Botha, Posbus 604, Hunters Retreat, Gqeberha, 6017 Sel: 073 279 3562,
E-Pos: jarbotha.48@gmail.com

**Suid Westelike Distrikte:** Arthur Muller, Condonstraat 37, Oudtshoorn, 6620 Sel: 072 821 9400
E-pos Amuller@capekarooint.com

**Wes-Transvaal:** Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,
E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com

**KwaZulu-Natal:** Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,
E-Pos: duanesschwarz70.co.za


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538


National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

**Indeks / Index**


Algemene inligting van die SASV 2
Editors Page / Redakteur se blad 3
Voorwoord - Leendert Snyman 3
Fantail Breed Show Report - Danie Strydom 4
Notule AJV 2024 - Gerhard van Aswegen 10
Uitruil van Duiwe - Leendert Snyman 12
American Giant Homers - Piet Odendaal 14
Owl and Frill Prestige Show - Shaun Smeda 16
Scoreboard and Rules 20


## Birthdays /Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| W038 | - | Hansie Botes | 02-Oct |
| H011 | - | Edu le Roux | 02-Oct |
| W083 | - | CD Cillie | 02-Oct |
| B021 | - | Willem Human | 04-Oct |
| K066 | - | Janice Nel | 07-Oct |
| B052 | - | Gert Swart | 08-Oct |
| V046 | - | Elsabè vd Walt | 10-Oct |
| J034 | - | William Boshoff | 11-Oct |
| B091 | - | Karel-Jan Smeda | 15-Oct |
| W072 | - | Danie Swart | 16-Oct |
| G040 | - | Rudie Viviers | 16-Oct |
| K044 | - | John Rudman | 20-Oct |
| C026 | - | Peet Botha | 24-Oct |
| J019 | - | Pieter Labuschagné | 24-Oct |
| D036 | - | Gerhardus Boshoff | 25-Oct |
| N055 | - | Shayla Schwarz | 27-Oct |
| B035 | - | Ruan de Bruin | 29-Oct |



## *Voorwoord*

***Leendert Snyman***
***Nasionale Vise-President (gekoöpteer)***

Goeie dag duiwevriende

Ek is nuut tot die Uitvoerende Komitee van die SASV en ook nog relatief jonk in die SASV as lid. My taak is om te help met die bemarking van die SASV sodat ons kan sorg dat die SASV nie stagneer of wegkwyn nie. In vandag se lewe is dit nie `n maklike taak nie, gegewe dat mense se lewens so besig begin raak het dat daar nie tyd is vir ander dinge nie, selfs familietyd lei daaronder. Finansiële druk het so groot geraak dat ons nie daardie ekstra geldjie kan afstaan aan `n stokperdjie nie en dwing dit baie duiweboere om minder duiwe aan te hou of selfs om van hulle geliefde duiwe ontslae te raak, om minder skoue by te woon en om minder betrokke te wees by sy organisasie.

Die gemiddelde duiweboer, en ja SASV lid, verdwyn in sy betrokkenheid in die organisering en bestuur van streke maar ook op nasionale vlak. Dit voel amper vir my of ons almal wil "hê" en niemand wil "doen" nie. Die feit dat tegnologie ons lewens begin oorneem, veroorsaak dat ons kinders eerder agter `n rekenaar, tv of selfoon sit as om buite te wees en duiwe te boer. Daar is net een manier om belangstelling en verantwoordelikheid te kweek, en dit is om daaraan blootgestel te word. Ons moet ons kinders uit die huise kry en hulle die verantwoordelikheid gee om hulle duiwe te hanteer en te versorg, anders gaan hy of sy na skool verlore raak vir die duiwesport en die SASV.

Tegnologie het ook sy voordele en moet ons as organisasie hierdie voordele benut. Whatsapp-groepe kan baie help om mekaar te ondersteun en raad te gee. So `n groep moet tot voordeel gebruik word vir die waarvoor dit daar gestel is en nie vir allerhande ligsinnige boodskappe nie. Sodra `n whatsapp-groep nie meer gebruik word vir die doel waarvoor daardie groep gestig is nie, verlaat baie persone daardie groep of lees nie meer die boodskappe op daardie groep nie en so `n persoon gaan inderwaarheid verlore. Kom ons gebruik ons whatsap-groepe tot voordeel van die SASV, kom ons wees positief betrokke by hierdie groepe. So baie groepe word gestig maar daar is geen deelname deur die lede nie. Wees aktief, wys jou duiwe vir positiewe en negatiewe kommentaar, vra jou vrae en gee aan mekaar leiding.

Tegnologie bring ook vir ons nuwe geleenthede om die SASV en ons duiwe te adverteer, promoveer en te bevorder. Dit is hier waar ons die geleentheid moet gebruik om na soveel moontlike duiweboere uit te reik om hulle in ons organisasie in te trek en betrokke te kry.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229


Die Uitvoerende Komitee van die SASV het dit goedgekeur dat ons aan die Aviomed Aanlynskou, vir 5 persone gratis lidmaatskap tot einde 2025 en 10 duifringe elk as prys skenk aan die beste presterende nie-SASV lede. Ja, vir ons as SASV lede mag dit voel dat ons hier uitgesluit raak uit ons organisasie, maar ek pleit dat u elkeen die doel hier agter sal raaksien. Die doel is om te probeer om toegewyde telers wat nog nie gemotiveerd was om by ons organisasie aan te sluit nie die geleentheid te gee om deel te word van die SASV, om te sien wat binne die SASV aangaan en blootstelling te kry aan die SASV en sy aktiwiteite. Direk kos dit die SASV basies net die R42 vir 10 ringe en R60 se paxi koste per prys. As ons 1 van hierdie lede binne die SASV kan behou en aktief kry het ons in ons doel geslaag.

Dit is dan hier waar ek `n beroep op elke streek wil doen waar hierdie 5 nuwe lede geplaas sal word om moeite te doen om daardie persoon/persone in te trek, belangstelling te toon en onder die streek se vlerk sal neem. Dit is nie net die verantwoordelikheid van die president van daardie streek nie, maar elke lid in die streek om die bestuur van daardie streek by te staan om daardie persoon welkom te laat voel en hom betrokke te kry (onthou `n ketting is net so sterk soos sy swakste skakel). As ons nie daardie persoon op streeksvlak gaan intrek nie, gaan ons hom verseker verloor vir die toekoms.

Dit bring my dan by my finale punt - Die Aviomed Aanlynskou. Geliewe duiwevriende, ons kan baie menings hê hieroor maar aanlynskoue is deel van die verandering in die samelewing ten opsigte van tegnologie. `n Aanlynskou kan nooit `n streek skou of SA's vervang nie. Daar kom vir my 'n paar dinge kort naamlik die sosiale atmosfeer, saamkuier, saam duiwe kyk, maar ook die fisiese hantering van duiwe tydens beoordeling. Laat ons nie onsself as gevolg van bogenoemde tekortkominge ons onttrek van die geleentheid om saam as SASV ons duiwe, die kwaliteit van die SASV se duiwe aan die wêreld ten toon te stel nie. Die Aviomed Aanlyn skou is die grootste geleentheid op die oomblik om die SASV te bemark deur aan die grootste getal duiweboere op een slag ons organisasie en sy duiwe bloot te stel. Ek doen `n beroep op elke SASV lid om die skou te ondersteun met inskrywings tot voordeel van die SASV, sluitingsdatum is 10 September 2024.

Kom ons as SASV dink saam, praat saam, doen saam en wees weer een groot familie.

**Vir die Liefde en Versorging van Sierduiwe**



## *National Fancy Pigeon Championship 2024*
## *Fantail Breed Show Report*

***Compiled by Chris Engelbrecht***
***Submitted by Danie Strydom***

The South African Fantail breed was represented by six exhibitors on the National Fancy Pigeon Championship held in Bloemfontein from 25 to 29 June. Fifty-seven fantails were exhibited in seven colour classes. The solid colour class boasted seventeen fantails which made up 30% of the fantails exhibited. The factor class followed with thirteen fantails (23%), and the bar, checker, and mismarked classes each consisted of eight fantails (14%). The exhibitor participation was distributed evenly between the different

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

colour classes, with 15-20% participation or three to four fantails being exhibited per member per colour class. The rare & marked classes were the smallest classes and one exhibitor participated in each class, respectively. This reflects similarly to the Fantail Club show held in 2023, where these two classes had little representation as well.

The Show Champion was from the Checker Pattern class, a silver fantail, bred and exhibited by Nico vd Westhuizen. The first reserve was a Black fantail in the Solid class, exhibited by a new breeder, Frikkie Mostert jnr. The second reserve was the only Marked fantail on the show, a tail mark, bred & exhibited by Schalk Strauss. The top three pigeons came from different lofts which is indicative of good genetic distribution of excellent qualities amongst the breeders. This in turn ensures healthy competition and more importantly a healthy genetics distribution within the fantail pigeon breed. There is definite potential within the breed to be competitive internationally. Sixty percent of the fantails exhibited were young pigeons, which is encouraging since it signifies a fresh pool of genetics. Having said that, the one area of concern is the lack of depth in qualities since the difference between the top fantail and the reserve fantail in each class is very noticeable.

The pigeons were all in good health with minimal to no signs of strain due to transport. One or two pigeons had not yet completed the moulting process. This might affect a fantail's ability to show, especially if the centre of the tail is still in moult in a pigeon with a tight head setting.

The members were appreciative of the South African Fancy Pigeon Association's efforts to make the championship enjoyable while also providing adequate facilities for the different pigeon breeds. The holding pens were of the correct size and neatly aligned with only one level of pens. This prevented that the fantails sustain any feather damage during the holding time as well as avoided any debris from the top level to leave a pigeon dishevelled. The passage between the rows of holding pens were well spaced which had a threefold benefit. Firstly, breeders could tend to their pigeons effortlessly, secondly it was spacious to allow for comfort during preparation of pigeons and thirdly, breeders could move up-and-down the isles without any hindrance. These factors contributed to a steady judging pace and pleasant atmosphere. It also afforded the judge time to illustrate more advanced preparation technics that might allow the pigeons show better.

The facilities available for judging were good, but there is some room for improvement. It is the breed representative's responsibility to communicate breed-specific judging requirements to the show organisers. The SA Fantail Club will attend to this essential communication in the future.

The Fantail breed members showed their camaraderie by assisting breeders that were not able to attend, but that wanted to exhibit their fantails. They supported one another to transport fantails to the show, assisted to care & prepare fantails and ensured that fantails are exhibited for the non-attendees. The nonattendees, both exhibiting and non-exhibiting, stayed connected via WhatsApp, and were anxiously awaiting comments, photos, and the final results.

The SAFPA Championship show was a great success, and we thank the organisers for the opportunity to participate and for their efforts.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**Fantail Breed Champions**

| Exhibitor | Colour | Band no | Gender |
|---|---|---|---|
| **Best Fantail on Show** | | | |
| Nico van der Westhuizen | Checker Pattern Class – Silver (Blue) | 2938 ‘21 | OH |
| **First Reserve Fantail** | | | |
| Frikkie Mostert (jnr.) | Solid Colour Class – Black (Blue) | 2069 ‘23 | YH |
| **Second Reserve Fantail** | | | |
| Schalk Strauss | Marked Colour Class – Tail Mark (Blue) | 705 ‘23 | YC |
| **Fantail Breed Champions Per Gender & Age** | | | |
| **Best Old Hen Fantail on Show** | | | |
| Nico van der Westhuizen | Checker Pattern Class – Silver (Blue) | 2938 ‘21 | OH |
| **Best Old Cock Fantail on Show** | | | |
| Nico van der Westhuizen | Mismark Colour Class – Blue Opal (Blue) | 2557 ‘22 | OC |
| **Best Young Hen Fantail on Show** | | | |
| Frikkie Mostert (jnr.) | Solid Colour Class – Black (Blue) | 2069 ‘23 | YH |
| **Best Young Cock Fantail on Show** | | | |
| Schalk Strauss | Marked Colour Class – Tail Marked (Blue) | 705 ‘23 | YC |

**Fantail Breed Class Winners**

1 Rare Colour Class (2)



Exhibitor:
Nico vd Westhuizen
Colour:
Beige (Dominant Red
Band no.:
2528 ‘22
Gender: Hen

2 Marked Colour Class (1)



Exhibitor:
Schalk Strauss
Colour:
Tail Marked (Blue)

3 Bar Pattern Class (8)



Exhibitor:
Schalk Strauss
Colour:
Dominant Red
Band no.:
2223 ‘24
Gender:
Young Cock

4 Checker Pattern Class (8)



Exhibitor:
Nico vd Westhuizen
Colour:
Silver(Blue
Band no.:
2938 ‘21
Gender:
Hen

5 Solid Colour Class (17)



Exhibitor
Frikkie Mostert (jnr.)
Colour
Black (Blue
Band no.:
2069 ‘23
Gender:
Young Hen

6 Factor Colour Class (13)



Exhibitor
Nico vd Westhuizen
Colour
Opal (Blue
Band no.:
2687 ‘24
Gender:
Young Hen

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

3 Bar Pattern Class (8)



Exhibitor
Nico vd Westhuizen
Colour
Mismark
Band no.:
2557 ‘22
Gender:
Cock



+

**Fantail Breed Show Results**

**1 Rare Colour Class (2):** **Result**

**1.1 Extreme Dilute (2):**

| **Colour** | **Exhibitor** | **Band no** | **Gender** | **Result** | **Result** |
|---|---|---|---|---|---|
| Beige (Dominant Red | Nico vd Westhuizen | 2684 ‘24 | YH | 2 | 2 |
| Beige (Dominant Red | Nico vd Westhuizen | 2528 ‘22 | OH | 1 | 1 |

**Fantail Breed Show Results**

**2 Marked Colour Class (1):** **Result**

**2.1 Tail Marked (1):**

| **Colour** | **Exhibitor** | **Band no** | **Gender** | **Result** | **Result** |
|---|---|---|---|---|---|
| Tail Marked (Blue) | Schalk Strauss | 705 ‘23 | YC | 1 | 1 |

**Fantail Breed Show Results**

**3 Bar Pattern Class (8): Result**

**3.1 Dominant Red (3):**

| **Colour** | **Exhibitor** | **Band no** | **Gender** | **Result** | **Result** |
|---|---|---|---|---|---|
| Dominant Red | Schalk Strauss | 698 ‘23 | YH | 3 | |
| Dominant Red | Schalk Strauss | 2223 ‘24 | YC | 1 | 1 |
| Cream (Dominant Red) | Nico vd Westhuizen | 2685 ‘24 | YC | 2 | 3 |

**3.2 Blue (5):**

| | | | | | **Result** |
|---|---|---|---|---|---|
| Silver(Blue) | Nico vd Westhuizen | 2944 ‘21 | OC | 1 | 2 |
| Blue | Schalk Strauss | 845 ‘20 | OH | 2 | |
| Blue | Schalk Strauss | 14 ‘23 | YH | 3 | |
| Blue | DSPS Featherlove | 4026 ‘24 | YC | 5 | |

The south africa Modena Club

President: Johan Nel
Email: johan_nel@bat.com
Sel: 082 474 4088

Sekretaris: Dawie vd Heever
E-mail: dawievdh@telkomsa.net
Sel: 079 918 0433



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Blue | DSPS Featherlove | 392 ‘24 | YC | 4 | |

**4 Checker Pattern Class (8):** **Result**

| Colour | Exhibitor | Band no | Gender | Result | |
|---|---|---|---|---|---|
| Blue | DSPS Featherlove | 832 ‘23 | YH | 7 | 7 |
| Blue | Frikkie Mostert (jnr.) | 2088 ‘23 | YH | 8 | 8 |
| Blue | Nico vd Westhuizen | 2616 ‘23 | YH | 5 | 5 |
| Blue | DSPS Featherlove | 397 ‘24 | YC | 4 | 4 |
| Blue | Nico vd Westhuizen | 2523 ‘22 | OH | 2 | 2 |
| Silver(Blue | Nico vd Westhuizen | 2938 ‘21 | OH | 1 | 1 |
| Blue | Nico vd Westhuizen | 2549 ‘22 | OC | 6 | 6 |
| Blue | Frikkie Mostert (jnr.) | 2585 ‘23 | YC | 3 | 3 |

**Fantail Breed Show Results**

**5 Solid Colour Class (17):** **Result**

**5.1 Recessive Red Colour Class (3):** **Result**

| Colour | Exhibitor | Band no | Gender | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Recessive Red | Schalk Strauss | 44 ‘23 | YH | 2 | 3 |
| Recessive Red | Schalk Strauss | 528 ‘22 | OH | 3 | |
| Recessive Yellow | Schalk Strauss | 40 ‘23 | YH | 1 | 2 |

**5.2 White Colour Class (9):** **Result**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| White | Charl Naude | 4531 ‘23 | Y | 9 |
| White | Schalk Strauss | 2239 ‘24 | Y | 3 |
| White | Schalk Strauss | 700 ‘23 | Y | 5 |
| White | Len Truter | 4161 ‘19 | OH | 1 |
| White | Len Truter | 2795 ‘20 | OH | 6 |
| White | Schalk Strauss | 433 ‘20 | | 8 |
| White | Schalk Strauss | 49 ‘21 | | 4 |
| White | Schalk Strauss | 537 ‘22 | | 7 |
| White | Schalk Strauss | 2521 ‘22 | OC | 2 |

**5.3 Black Colour Class (5):** **Result**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Black (Blue) | Frikkie Mostert (jnr.) | 2069 ‘23 | YH | 1 | 1 |
| Black (Blue) | Len Truter | 4556 ‘23 | YC | 3 | |
| Black (Blue) | Len Truter | 4557 ‘23 | YC | 5 | |
| Black (Blue) | Schalk Strauss | 2218 ‘24 | Y | 2 | |

**Uil & StrikduifKlub**

*Spesialiteitsklub vir:*

*Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)*

**President : Shaun Smeda - 072 190 0345**

**Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496**

**leendert270@gmail.com**

*August 2024*


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Black (Blue) | Len Truter | 2888 ‘22 | OC | 4 | |

**Fantail Breed Show Results**

| **6 Factor Colour Class (13):** | | | | | **Result** |
|---|---|---|---|---|---|
| **6.1 Grizzle Colour Class (6):** | | | | **Result** | |
| **Colour** | **Exhibitor** | **Band no** | **Gender** | | |
| Blue Grizzle (Blue) | DSPS Featherlove | 391 ‘24 | YH | 4 | |
| Blue Grizzle | DSPS Featherlove | 395 ‘24 | YH | 1 | 2 |
| Blue Grizzle | Len Truter | 4560 ‘23 | YC | 6 | |
| Blue Grizzle | DSPS Featherlove | 5446 ‘19 | OH | 3 | |
| Blue Grizzle | DSPS Featherlove | 2348 ‘21 | OH | 2 | 3 |
| Blue Grizzle | Len Truter | 3699 ‘21 | OC | 5 | |
| **6.2 Powder Colour Class(3):** | | | | **Result** | |
| Powder Blue (Blue) | Len Truter | 2725 ‘24 | YH | 3 | |
| Powder Blue (Blue) | Len Truter | 2819 ‘22 | OH | 1 | |
| Powder Blue (Blue) | Len Truter | 2632 ‘20 | OH | 2 | |
| **6.3 Opal Colour Class(4):** | | | | **Result** | |
| Opal (Blue) | Nico vd Westhuizen | 2687 ‘24 | YH | 1 | 1 |
| Opal (Blue) | Charl Naude | 1493 ‘24 | YH | 2 | |
| Opal (Blue) | Nico vd Westhuizen | 2618 ‘23 | YC | 3 | |
| Opal (Blue) | Nico vd Westhuizen | 20 ‘22 | OC | 4 | |



***Notule van die Algemene Jaarvergadering van die Suid Afrikaanse Sierduifvereniging, wat gehou was op 28 Junie 2024, om 9:15 te Bloemfontein skougronde.***

***Gerhard van Aswegen***
***Nasionale Sekretaris***

**1. Opening**

Nardus Marais open met gebed

**2. Verwelkoming**

Chris de Bruin heet almal welkom

**3. Presensie en verskonings**

Presensie lys word gesirkuleer en alma teenwoordig word gevra om dit te onderteken.

**Verskonings:** Leendert Snyman, Dries Cilliers, Hendri Botha, Koos Conradie, Marleen Esterhuizen, Pieter Neetlingh, Helene Roodt, Duane Schwarz, Pierre le Roux en Chris vd Walt

**4. In memorium (sedert die 2023 AJV)**

Fourie Cronje, Lotie Geyer (oudlid) en Attie van Aswegen


Suid-Afrikaanse Homer Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Huidig;ik vakant



Augustus 2024



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**5. Goedkeuring notule van Algemene Jaarvergadering gehou op 26 Junie 2023**

(soos gepubliseer op die SASV se FB en Whatsapp groepe) Voorstel: Dirk Scholtz Sekunde: Nardus Marais

**6. Vasstelling van Sakelys en Ordereëling (Sien punt 11):**

**6.1 Paneel beoordeling**

Phillip Lee vra dat daar na ‘n paneel om die Top 7 te beoordeel gekyk moet word. Hy voel Senior beoordelaars en selfs beoordelaars van rasse waar die getalle groot is onnodig kritiek kry. Die vergadering is dit eens en die beoordelaarsbeampte sal die moontlikheid ondersoek.

**6.2 Versnelling in die proses van beoordelaars**

Phillip Lee vra weer dat daar gekyk moet word na opsies om beoordelaars se leerproses te versnel?

**Opsies:**

1. Mentorskap van Senior beoordelaars.
2. Stewards te gebruik en dan opleiding te gee.
3. Toekomstige beoordelaars te identifiseer in rasse waar daar ‘n behoefte is vir beoordelaars.
4. Al die voorstelle is om die druk op die Senior beoordelaars te verlig sodat hulle met ‘n vars gemoed die top 7 kan beoordeel.

**6.3 Loopringe**

Daar is ‘n vraag rondom die gebruik van loopringe? Almal is dit eens dat daar by alle skoue loopringe is en dat beoordelaars dit moet gebruik. Daar is egter rasse wat nie in loopringe beoordeel hoef te word nie.

**6.4 Art 11 van die grondwet-Die UK kan ‘n komitee aanstel om SA’s reël**

Daar word voorgestel dat die volgende tot artikel 11.1 bygevoeg word, “Die UK kan `n komitee aanwys om die SA`s namens hulle aan te bied indien daar geen aansoeke vanaf streke ontvang is nie.” Die wysiging sal deur die normale proses om Grondwet wysigings te doen gaan. Die artikel word so gekondoneer vir die huidige 2024 SA`s. Voorgestel deur Dirk Scholtz en gesekondeer deur Hein Hofman.

**7. Sake uit die notule**

7.1 Geen

**8. Verslae ingevolge artikel 5.5 van die SASV grondwet**

8.1 Nasionale President-Aangeheg

8.2 Nasionale Vise President-Geen pos was vakant

8.3 Nasionale Tesourier-State aangeheg en vir insae by die Nas. Sekretaris

Die finansiele state vir 2023 word goedgekeer op voorstel van Jan Labuschagne gesonkondeer deur deur Phillip Lee. Die begroting vir 2025 word goedgekeer op voorstel van Piet Odendaal gesekondeer deur Willie van Zyl.

8.4 Nasionale Redakteur-Aangeheg

8.5 Nasionale Beoordelaarsbeampte-Aangeheg



8.6 Nasionale Ringmeester-Aangeheg

8.7 Nasionale Webmeester-Aangeheg

8.8 Nasionale Jeugverteenwoordiger-Geen as gevolg van afsterwe van Attie van Aswegen

**9 Sake uit die UK vergaderings**

9.1 Uitslag van aansoeke om Nasionale Kleure Sal gedurende die Vereringsaand bekend gemaak word



*Harry Munnik*


*Teel met*
*Birmingham Roller*
*Holle Cropper*
*Dutch Highflyer*
*Gros Mondain*
*Working Homer*
*Sel: 072 600 6919*
*e-mail: munnikharry5@gmail.com*





Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

9.2 Junior van die Jaar

Geen aansoek ontvang nie

9.3 Aanwys van die streek wat die SA's in 2025 aanbied Sal by die UK vergadering in Jan 2025 hanteer word.

Algemene Jaarvergadering. van streke kan moontlike aansoek indien

9.4 Kondonering van UK besluite geneem

Punt 6.4 hanteer die Art. 11 wysiging

**10. Sake uit die Beoordelaarsforum**

Geen

**11. Nuwe sake (Sien punt 6)**

**12. Vul van UK poste**

12.1 Nasionale Sekretaris Gerhard van Aswegen is herverkies.

12.2 Nasionale Redakteur Cora Munnik is heraangestel.

12.3 Poste wat vakant geraak het vanwee bedanking of afsterwe.

Leendert Snyman is deur die UK gekoőpteer vir die oorblywende twee (2) jaar van die termyn.

Die pos van Nasionale Jeugverteenwoordiger bly vakant.

Alles rondom die pos-vereistes en pligte sal aan die Streke deurgegee en in die Sierduif gepubliseer word. Die UK sal aansoeke inwag en 'n geskikte persoon aanstel.

**13 Kennisgewing van UK poste wat verstryk in 2025**

Benoeming op streek AJV

13.1 Nasionale President

Streek AJV 2024 moet voorstelle indien.

13.2 Nasionale Tesourier

Streek AJV 2024 moet voorstelle indien.

13.3 Nasionale Jeugverteenwoordiger

Streek AJV 2024 moet voorstelle indien.

13.4 Nasionale Beoordelaarsbeampte

Die pos sal gedurende die SA's 2025 se Beoordelaarsforum vergadering gevul word.

14 Afsluiting



## *Uitruil van duiwe tot die bevordering van `n ras*

***Leendert Snyman***

Vir ons as telers van sierduiwe is dit `n strewe om `n raswenner vir enige skou te teel of om `n duif te teel wat in die Top 7 van `n skou geplaas word, nie te praat van `n raswenner of Top 7 duif tydens die SA's van die SASV nie.

Die vraag wat by my ontstaan is of ons nie dalk partykeer ons belange tot ons eie sukses om in die Top 7 te kom of `n raswenner te hê bo die belang van die ras plaas nie. Is dit vir my as teler belangriker om prestasie te behaal of om my ras te sien presteer? Vir baie van ons rasse is daar nog baie tekortkominge tot die standaard en sal ons as telers moet poog om die tekortkominge weg te teel binne ons rasse.




Plakkerskamp Boerdery

Stantonstraat 1, Fichardpark, Bloemfontein.
Selfoon: 082 378 6447
Epos: plakkers@wol.co.za

August 2023

Teler van: Brunner Pouters in Wit, Blou, Bruin & Swart
Teler van die Reserwe Kampioen duif tydens
2022 SA Kampioenskapskou
Teel ook: Norwich Kroppers in Rooi, Mealy & verwante kleure


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Maar dit is egter nie moontlik nie, as jy die genetika binne jou eie hokke vergelyk met die standaard nie. Daarom dat ons sekere rasse ook nooit binne die Top 7 van enige skoue sien nie. Ja ons as telers kan maar beweer dat die hoof beordelaars hulle berus by rasse wat sterk staan en nie kyk na die minder gewilde rasse nie. Maar om by `n Top7 ras uit te kom moet ek as teler `n duif teel wat sterk aan die standaard voldoen.

Is dit nie tyd dat ons as telers begin om ons eie belange tot sukses opsy te skuif en die belange van ons rasse op die voorgrond te stel nie? Is dit nie op die einde belangriker om ons ras te sien presteer as om my eie naam daaraan te koppel nie?

Vir my om ons minder bekende of minder presterende of enige ander ras tot sy uiting te bring, moet ons as telers binne daardie ras begin saamstaan, begin saam broei en begin saam skou om die standaard van daardie ras te verbeter en so ook die glorie van `n top 7 binne daardie ras te sien. Maar hoe doen ons dit is `n geldige vraag? Ek as teler van skaarser rasse en minder bekende of gewilde rasse stel my opinie (en ek glo dit is al deur baie telers voorheen toegepas):

1. Om mee te begin is dit baie belangrik om jou eie prestasie tov skou opsy te skuif. As jy as teler nie bereid is om jou eie prestasie opsy te skuif nie en nie ten volle vir die bevordering van jou ras ingaan nie, mors jy jou eie tyd en die van jou mede teler of telers.

2. Jy moet die teler of telers saam met wie jy in die projek ingaan ten volle vertrou, weet wat in hulle

sluit aan by ons...
Kontak:
Danie
0823293043
Pearl
0728423032
FANTAIL CLUB
WAAIERSTERTKLUB

hokke aangaan en nie bang wees vir wat in sy of haar hokke aan die gang is nie.

3. Al die telers wat deelneem aan die projek moet openlik wees, die ras ken en niks wegsteek nie, vrye toegang tot elk se hokke.

**Hoe doen ons dit?**
Wel, ons wil die ras verbeter, ek wil die duiwe binne daardie ras binne my eie hokke verbeter, maar ook so die standaard van die duiwe binne die hokke van my mede telers.

1. Elke teler (2 tot 4 telers binne die ras) bring sy beste 2 of 3 henne en 2 of 3 beste mannetjies (afhangende van hoeveel telers betrokke is) na `n sentrale punt. En dit is hier waar jy jou eie belange opsy skuif, bring jou bestes. Om dit dalk nog meer suksesvol te maak, kan elke teler al sy duiwe binne daardie ras, oud en jonk, in die poel gooi sodat soveel moontlik parings gemaak kan word.

2. Gooi al die duiwe bymekaar.

3. Paar dan die duiwe saam as telers op, verkieslik manlik en vroulik vanuit verskillende hokke, sodat die pare mekaar komplimenteer.

4. Nou kies die telers om die beurt ‘n paartjie tot al die pare wat opgepaar is ‘n tuiste het. Wie kies eerste? Die teler met die meeste prestasie is die verste gevorder en is dit regverdig dat hy eerste kies maar dit is belangrik om dit voor die tyd uit te sorteer om ongelukkigheid te voorkom. Onthou, ons skuif nou ons eie belange opsy.

5. Die duif van jou mede teler wat na jou hok kom bly die eiendom van jou mede teler. Sien dit as `n vergunning van jou mede teler om die duif vir `n seisoen in jou hokke te gebruik.

6. Na die teelseisoen of verkieslik na 12 maande kom julle as telers weer bymekaar. Bring weer al die duiwe saam, oud en jonk. Sit elke paartjie wat julle as telers saam opgepaar het uit met hulle aanteel langsaan. Nou kan ons as deelnemers aan die projek die resultaat en vordering van elke paar sien en vergelyk. Na aanleiding van die resultaat en vordering word vanuit al die duiwe weer opgepaar en die proses herhaal homself.

7. Dit is belangrik om noukeurig boek te hou van pare en nageslag sodat vasgestel kan word watse tipe parings die beste werk binne daardie ras.

8. Sodoende versprei ons die genetika tussen mekaar se hokke en probeer om binne `n spesifieke ras die beste parings moontlik te maak.

9. Elke duif wat met ‘n ring van teler A gering is, bly die eiendom van teler A. Al die aanteel in die projek wat met teler A se ring gering word, bly die eiendom van teler A. Die doel is om genetika tussen mekaar te versprei en elke teler se standaard in sy hok te verbeter.

10. Hoe skou ons? Teler A kan vir teler B vra om duif X wat in teler B se hok is namens teler A by ‘n skou in te skryf op die koste van teler A. So enige teler kan nogsteeds ‘n duif skou wat sy ring aan het. Dit is hier belangrik dat daar ‘n vasgestelde


Cora Munnik
Nasionale Redakteur



Teel met Portuguese Tumblers
e-mail: coramunnik@gmail.com
Sel: 076 313 2873



Oktober 2023


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

teel seisoen gespesifiseer word sodat die duiwe beskikbaar is vir die skou seisoen.

11. Hier gaan dit alles oor vertroue en bereidwilligheid om jou beste beskikbaar te stel.

12. Dit sal ook goed wees om `n ooreenkoms tussen die telers op skrif te stel en noukeurig boek te hou van alle ringnommers. Telers kan ook binne hierdie ooreenkoms die projek se inligting en reëls verfyn.

Om af te sluit: Kom ons probeer binne elke ras, binne elke spes klub om ons rasse se standaard voorop te stel. Om ons rasse te verbeter en wie weet, dalk is my of jou ras oor 2 of 3 jaar die volgende SA Kampioen.

**Vir die LIEFDE en VERSORGING van SIERDUIWE**



## *Prakiese inligting in verband met American Giant Homers – die sagmoedige reuse*

***Piet Odendaal***


Graag wil ek inligting deel in verband met die American Giant Homer en die teel van die duiwe. Ek het die afgelope skou-seisoen heelwat navrae gekry in verband met die duiwe. Daar is nie baie telers wat die duiwe aanhou of skou nie en daarom is ek baie bly oor die nuwe belangstelling in die American Giant Homers. Daarom het ek dit goedgedink om so bietjie inligting te deel. Die American Giant Homers het so paar jaar gelede onder my vel ingekruip. Dit is werklik sagmoedige reuse wat baie mak word en baie lekker hanteer. ‘n Hand vol sagte plesier! Hulle veskaf my baie plesier en is skoon duiwe wat regtig maklik is om mee te teel. Ek hoop om in die toekoms sommer heelwat meer American Giant Homer-vertoners by die skoue te sien.

**Beskikbaarheid van kwaliteit duiwe:**

‘n Groot probleem is dat daar nie baie van die duiwe in die land beskikbaar is nie. ‘n Ander probleem is dan ook die beskikbaarheid van kwaliteit duiwe wat aan die standaarde voldoen. Die rede daarvoor is natuurlik dat die gene-poel klein is en kruisteling gebruik word om die genepoel te vergroot. Omdat die invoer van duiwe nie maklik kan plaasvind nie is kruisteling ‘n opsie om die gene-poel te vergroot. Met kruisteling is daar nie fout nie, maar dan moet genoegsame terugteling gedoen word voordat die duif weer aan die die standaarde voldoen. Dit is egter belangrik dat kruisteling begin by die kwaliteit van die American Giant Homer wat met byvoorbeeld American Show Racers of Kings gekruis word. Die eienskappe van die ASR en Kings moet eers uitgeteel wees voordat die American Giant Homer in ‘n skouhok vertoon word. Slegs die kwaliteite wat nodig word moet gehou word.

**Die standaard:**


Die standaard van die American Giant Homer in die SASV se standaard boek is natuurlik die alfa en die omega en die duiwe moet daaraan voldoen, Ek het egter soveel as moontlik gaan oplees oor die American Giant Homer en inligting gesoek oor die duiwe. Die duiwe is alreeds in 1950 in die VSA as ‘n ras beskryf en daar is pragtige sketse wat dit maklik maak vir ‘n teler om die standaard van ‘n duif te bepaal. Die sketse beskyf die standaard van die American Giant Homer baie visueel.




**‘n Paar belangrike en praktiese punte waarna gekyk moet word tydens teling:**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873




- Die stert moet kort en ongeveer een veerbreedte breed wees.
- Die stert word parallel met die grond gedbra en nie opwaarts nie.
- Die bene is nie reguit nie, maar effens gebuig.
- Die bek moet nie agter die borslyn gedra word nie, maar verby die borslyn.
- Die skouers en bors moet breed wees en vorm 'n driehoek met die stert.

Die praktiese goed behoort elke teler op die regte pad te hou.

**Foute wat uitgeskakel moet word tydens teling:**

- Bek wat te lank is.
- Kop wat te klein is.
- Lyf wat te smal is.
- Bene wat wat reguit is.
- Vere op die pote.
- Stert wat in die lug opstaan.



- Bek wat agter die borslyn gedra word.

As die foute uitgeskakel word behoort dit die teler baie te help om duiwe te teel wat op standaard sal wees.

Ek hoop dat die pragtiese inligting elkeen wat in die American Giant Homers belangstel sal help sodat ons pragtige duiwe kan teel. Ek vertrou dat die inligting sommer baie ander telers ook gaan bereik sodat daar baie meer American Giant Homers vertoon word op die skoue. Ek wil graag belangstel-



lendes motiveer om van die duiwe aan te skaf en te begin teel. Onthou, alles gaan oor die versorging en liefde van die duiwe.

American Giant Homer Groete.


Christo Munnik
Nasionale Beoordelaarsbeampte



Teel met Roller duiwe vanaf 1963
en met Birmingham Rollers vanaf 1980
Teel nou ook weer met Barbs
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Oktober 2023





We bpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Owl and Frill pigeon club Prestige show*

***Shaub Smeda***

The Owl and Frill pigeon fun show took place this year at the same time as the National Championships in Boemfontein.

It was also here where our club was set up last year after many existing clubs had been declared dormant.

For those who don't know yet, our club consists of the following breeds, Satinette, Blondinette, Old German Owl, Chinese Owl, Italian Owl and African Owl, and I believe you would notice the great improvement of the breeds in the last two years shows. It is also our aim to improve the breeds by breeding together and not losing good genetics.

We also look forward to holding our annual young pigeon show during the Western Transvaal squicker show and look forward to seeing everyone in October.

For a paltry R100 a year we invite everyone to join us and become part of our species club to preserve the breeds for our children's children.

We would like to thank senior judge Wikus Van Niekerk who also judged our special club's pigeons during the SA's and congratulate all the breed winners on their achievements.

OFC Greetings
Shaun Smeda

Show results as follow:

| **Place** | **Breed** | **Exhibitor** |
|---|---|---|
| **Grand Champion Bird** | Satinette | Shaun Smeda |
| | | |
| **Champion Bird (Snr)** | Satinette | Shaun Smeda |
| **1st Reserve Champion (Snr)** | African Owl | Leendert Snyman |
| **2nd Reserve Champion (Snr)** | Chinese Owl | Willie van Zyl |
| **3rd Reserve Champion (Snr)** | Old German Owl | Chris de Bruin |
| **4rth Reserve Champion (Snr)** | Blondinette | Shaun Smeda |
| **5th Reserve Champion (Snr)** | Italian Owl | Leendert Snyman |
| | | |
| **Champion Bird (Jnr)** | Old German Owl | Lihan Geldenhuys |

SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub

S.A WATTLE CLUB

***President: Bertie Wessels***
***e-mail: bertie_wessels@hotmail.com***
***Sel: 083 733 4191***

***Sekretaris: Ds Hennie Hattingh***
***e-mail: henniehattingh703@gmail.com***
***Sel: 082 923 3910***

***Prestigeskou*** ***Augustus 2024***

***3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad***



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873













Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229












**Franconian Shield Pigeon**

Country of Origin:

Germany, Franconia

**Overall Impression:**

Elegant, strong field pigeon shape, smooth-headed, smooth-footed

**Breed Characteristics:**

- Type: Powerful field pigeon type.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

- Stand: Medium, almost horizontal position.
- Head: Well arched, rounded, smooth.
- Eyes: Dark.
- Eye Ceres: Double row, fiery red.
- Beak: Medium long, flesh-coloured, well supplied with blood.
- Wattle: Smooth.
- Neck: Medium long, slender, throat deeply cut.
- Chest: Full and rounded.
- Back: Slightly sloping.
- Wing: Long, tightly closed.
- Tail: Closed.
- Legs: Medium length, smooth, dark red.
- Plumage: Tight fitting. Well-developed grease shafts.

**Colour Variations:**

- Black, red, blue barless, blue silver barless;
- Blue black barred, dark blue barred, red silver barred, yellowish barred;
- Blue, red-silver, blue-silver and yellow-silver checked;
- Blue white bar.

**Colour and Drawing:**

Caused by the grease shafts, the colours are extremely pronounced and brilliant (rich and glossy), including the blues and pale in a darker tone than usual, the white bars with a narrow black edge. Black, red and yellow must have coloured wings and under wings. Basic colour is white, the wing shield is coloured, including 4 thumb feathers on both sides, 8 - 10 white primary flights.



**Faults:**

Too weak body, too weak or tarnished beak, pale or coarse eye edges, absence of grease shafts, dull colour, less than 8 or more than 10 white primary flights, absence of flight feathers, missing or more than 1 white thumb-feather, coloured body-sides or thighs, in the paint colours matt under wing colour or white in the lower wing.

**Rating:**

Overall impression
Shape and size
Colour and drawing
Head shape
Eye cares
Beak.
Ring size: 8




# Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Huidiglik vakant

Augustus 2024




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R1000 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R1000 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

1. **Book of Standards R280 each**
2. **SAFPA ties (Navy blue) R120 each**
3. **SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**
4. **SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
5. **SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
6. **Metal Member & Judges scrolls R50 each**
7. **National pocket badges (Green) R70 each**
8. **National Honour scrolls (Green) R30 each**
9. **National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 1452 |

**Manie Fourie Trophy**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Northern Freestate: | 1202 |
| 2. | Western Transvaal: | 902 |
| 3. | Eastern Province: | 738 |
| 4. | Northern Cape: | 650 |
| 5. | South Western Districts: | 350 |
| 6. | Freestate: | 0 |
| 7. | Western Cape: | 0 |
| 8. | KwaZulu-Natal: | 0 |
| 9. | Eastern Region: | 0 |

**Bertie Wessels Trophy**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 0 |
| 2. | Freestate: | 0 |
| 3. | Northern Freestate: | 0 |
| 4. | Northern Cape: | 0 |
| 5. | Western Transvaal: | 0 |
| 6. | Western Cape: | 0 |
| 7. | KwaZulu-Natal: | 0 |
| 8. | South Western Districts: | 0 |
| 9. | Eastern Region: | 0 |
| 10. | Eastern Province: | 0 |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873